# IN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA

***(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)***

**SAAK No.46302/2011**

15/5/2013

| |
|---|
| (1) **RAPPORTEERBAAR: NEE** |
| (2) **BELANG VIR ANDER REGTERS : NEE** |
| 15/5/13 ............ **DATUM** ............ **HANDTEKENING** |

In die saak van:-

**CARLO STEPHANUS BREYTENBACH** Eiser

en

**PADONGELUKFONDS** Verweerder

---

**UITSPRAAK**

---

**Van der Byl, Wn.R:-**

**Inleiding**

.../...

[1] In hierdie saak eis die Eiser skadevergoeding van die Verweerder, die Padongelukfonds, vir beserings wat hy opgedoen het toe 'n motorvoertuig van die Tshwane Metro Polisie, met registrasienommer PWC 322 GP, met sy motorfiets waarvan hy die bestuurder was, gebots het.

[2] Ek het, by ooreenkoms tussen die partye, gelas dat die vrae na die meriete en kwantum van die eis ingevolge Reël 33(4) van die Eenvormige Hofreëls geskei word, dat die verhoor op die vraag na die meriete voortgaan en dat die vraag na die kwantum oorstaan totdat daar oor die meriete van die eis 'n finale beslissing geneem is.

[3] Die eis spruit voort uit 'n voorval wat op 24 Februarie 2008 on ongeveer 16h00 te of naby die Moloto - Pretoriapad plaasgevind het.

**Getuienis deur en ten behoewe van Eiser**

[4] Ten behoewe van die Eiser het, behalwe hyself, ene Etienne B Pearson ("*Pearson*"), getuig.

[5] Die Eiser het getuig dat hy op die betrokke dag op sy motorfiets op 'n grondpad parallel met die Moloto - Pretoriapad gery het. Hy was vergesel deur Pearson wat op sy eie motorfiets gery het. Op 'n punt moes hulle op pad huis toe die Molotopad kruis. Pearson het eerste die pad gekruis terwyl hyself eers gewag het vir verkeer op die Molotopad om hom 'n veilige geleentheid te bied om ook die pad te kruis. Sy motorfiets het toe hy vanaf die grondpad na die teerpad teen 'n helling op beweeg het stof en

klippies opgeskop het. Hy het aan die linkerkant (of Oostekant) van die Molotopad 'n stilstaande Metro Polisievoertuig opgemerk. Hy het gesien dat daar twee insittendes in die voertuig was. Die Metro Polisievoertuig het terwyl hy vir die verkeer gewag het om verby te gaan, weggetrek en op hom af gepeil en hom omgestamp sodat hy met sowat die helfte van sy liggaam onder die voertuig beland het. Die bestuurder wou oënskynlik verder oor hom ry, maar die voertuig se wiele wat nie op die los grond nie traksie gehad het nie, het begin tol. Die voertuig het toe vir sowat ses meter agteruit beweeg en weer 'n keer op hom af gepeil en hom weer gestamp en half oor hom gery. Toe die voertuig weer agteruit beweeg het met die oog om 'n derde keer op hom af te peil, het hy daarin geslaag om orent te kom, sy motorfiets aan die brand te skop en weg huis toe te ry. By die huis aangekom het hy die voorval aan sy broer en neef gerapporteer waarop hulle in 'n bakkie geklim het om die voorval by die Kameeldrift Polisiestasie, sowat 50 meter vanaf die toneel van die voorval, te gaan aanmeld. Op pad het hulle die Metro polisiebeamptes teëgekom waarop hulle almal daarop saam na die Polisiestasie toe is. Daar is wedersyds klagtes gelê waarvan mettertyd niks verder gekom het nie.

[6] Pearson het op sy beurt bevestig dat hy en die Eiser op hul onderskeie motorfietse op hierdie dag op die grondpad parallel met die Moloto - Pretoriapad gery het. Hulle het albei helmets op gehad. Hy het op sy fiets die pad gekruis terwyl die Eiser eers vir verbygaande verkeer op die pad gewag het. Aan die oorkant (of Westekant) van die pad het hy vir die Eiser gewag. Hy het toe gesien hoe die twee polisiebeamptes in die voertuig klim, die voertuig aanskakel en vorentoe beweeg waarop die voertuig die Eiser omgestamp het en ten dele oor hom en sy motorfiets gery het, weer teruggery het en dit weer gedoen het. Hy het daarop huis toe gery om hulp te gaan soek. Kort daarna

het die Eiser daar met sy motorfiets aangekom. Hulle is daarop in 'n voertuig om na die Polisiestasie te gaan. Op pad het hulle die Metro Polisievoertuig teëgekom. Na 'n woordewisseling is hulle almal na die Polisiestasie waar wedersyds klagtes teen die Eiser en die twee polisiebeamptes gelê is.

**Getuienis ten behoewe van Verweerder**

[7] Aan die kant van die Verweerder het die twee betrokke vroulike Metro polisielede getuig.

[8] Me. Sebo Mathabatse ("*Sebo*") het getuig dat sy en 'n kollega, Me. Lizzie Nkwane ("*Lizzie*"), op die betrokke dag op die Moloto - Pretoriapad voor die Kameeldrift Polisiestasie met 'n spoed kamera met 'n spoedlokval besig was. Op 'n stadium het haar kollega toilet toe gegaan. Terwyl sy besig was, het drie blanke manspersone op motorfietse daar opgedaag. Twee van hulle was op haar linkerkant (of Oostekant) en een aan die regterkant (of Westekant) van die pad. Die een aan die regterkant (of Westekant van die pad ) het toe aan "*sy kollega*" aan die oorkant van die pad iets geskree en met 'n wysvinger in haar rigting gewys waarop al drie na haar gekyk het. Hulle het toe in noordelike rigting op die grondpad weg beweeg. 'n Paar minute later het hulle weer op die grondpad teruggekeer. Op die pad het hulle begin om die wiele van hul motorfietse te tol. Sy het daarop haar kollega geskakel en gevra dat sy moet terugkom aangesien sy daar met 'n probleem sit. Die drie het toe weer in die noordelike rigting gery. Haar kollega het toe opgedaag waarop hulle begin het om die kamera weg te pak. Toe hulle amper klaar was, het die drie weer vir die derde keer op die grondpad

verskyn en tot voor hul voertuig gekom. Een van hulle het tot voor hul voertuig weer die wiele van sy motorfiets begin tol, van links na regs beweeg en onsindelike vloekwoorde aan hulle geskree. Die volgende oomblik sien hulle dat hy op die grond geval het. Hulle het daarop uit hul voertuig geklim en na hom gaan kyk en sy het gesien dat hy eenkant lê en dat 'n klein gedeelte van die motorfiets onder die voertuig beland het. Lizzie het in die voertuig geklim en "*bietjie*" agteruit gery. Hulle het toe vir hom gesê dat hulle na die Polisiestasie toe moet gaan. Hy het egter weggery. Sy stap tot in die pad en sien 'n polisievoertuig aankom. Sy het hom gestop en vertel wat gebeur het. Hulle het toe gery en na hulle gaan soek. Op pad het 'n bakkie vol mans en seuns van voor gekom. Die bestuurder van die bakkie het uitgeklim en die deur van hul voertuig aan die passasierskant oopgemaak en hulle met dieselfde woorde as wat die Eiser vroeër gebruik het, gevloek en gevra of hulle sy kind wil doodmaak. Sy het toe gesê dat hulle Polisiestasie toe moet gaan. Daar is toe wedersyds klagtes gelê.

[9] Lizzie het om haar getuienis bevestig dat sy en Sebo wel op die betrokke dag met 'n spoedlokval diens op die Moloto - Pretoriapad gedoen het. In 'n stadium het sy met die motor weggery om toilet toe te gaan. Terwyl sy weg was, het Sebo haar gebel en meegedeel dat daar drie seuns was wat stof oor haar opskop. Sy is daarop met die motor terug na haar toe. Toe sy daar aankom was dit amper tyd om op te hou en hulle het begin om hul toerusting weg te pak. Die seuns het toe weer daar verskyn. Hulle het begin om hul fietse te tol. Een van hulle het dit voor hul voertuig gedoen. Die ander twee het weggery. Hulle het in die voertuig geklim. Toe hulle in die voertuig gesit het, het hy hulle gevloek en sy middelvinger vir hulle gewys. In die proses het die een voor hul voertuig met sy motorfiets om geval. Hy het beheer oor sy voertuig verloor en tot onder

hul voertuig gegly. Hy het geskree en gesê hy is vasgevang ("*trapped*"). Sy het uitgeklim, gekyk, weer in die voertuig geklim en agteruit gery. Hy het opgestaan en met die fiets weggery. Daarop het huile agter hom aangery omdat hulle hom wou berispe oor hul gedrag. Op pad het huile 'n voertuig teëgekom. 'n Man het uitgeklim en die passasiersdeur oopgemaak, hulle gevloek en gevra of hulle sy seun wil doodmaak en ook gedreig het dat hy hulle sal doodmaak. Sebo het hom gevra om te bedaar en na die Polisiestasie te gaan. By die Polisiestasie het hulle 'n klagte van *crimen injuria* teen hulle gemaak. Die Eiser het op sy beurt 'n kiagte van poging tot moord teen hulle gemaak.

**Evaluasie van getuienis**

[10] Uit voorgaande opsomming van die getuienis wat aan elke kant gelewer is, is dit duidelik dat ons hier met twee wedersyds uitsluitende of vernietigende weergawes ("*mutually destructive versions*") te make het.

[11] Die benadering wat in gevalle waar 'n Hof met sodanige weergawes te make het, blyk uit die volgende gesag.

[12] In ***National Employers' General Ins Co Ltd v Jagers 1984 (4) SA 437 (E)*** spreek die geleerde Regter hom op ***440D*** in hierdie verband soos volg uit:

> *"It seems to me, with respect, that in any civil case, as in any criminal case, the onus can ordinarily only be discharged by adducing credible evidence to support the case of the party on whom the onus rests. In a civil case the onus is obviously not as heavy as it is in a criminal case, but nevertheless where the onus rests on the plaintiff as in the present case, and where there are two mutually destructive stories, he can only*

> *succeed if he satisfies the Court on a preponderance of probabilities that his version is true and accurate and therefore acceptable, and that the other version advanced by the defendant is therefore false or mistaken and falls to be rejected. In deciding whether that evidence is true or not the Court will weigh up and test the plaintiff's allegations against the general probabilities. The estimate of the credibility of a witness will therefore be inextricably bound up with a consideration of the probabilities of the case and, if the balance of probabilities favours the plaintiff, then the Court will accept his version as being probably true. If however the probabilities are evenly balanced in the sense that they do not favour the plaintiff's case any more than they do the defendant's, the plaintiff can only succeed if the Court nevertheless believes him and is satisfied that his evidence is true and that the defendant's version is false.*
>
> *This view seems to me to be in general accordance with the views expressed by COETZEE J in Koster Ko-operatiewe Landboumaatskappy Bpk v Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (supra ) and African Eagle Assurance Co Ltd v Cainer (supra ). I would merely stress however that when in such circumstances one talks about a plaintiff having discharged the onus which rested upon him on a balance of probabilities one really means that the Court is satisfied on a balance of probabilities that he was telling the truth and that his version was therefore acceptable. It does not seem to me to be desirable for a Court first to consider the question of the credibility of the witnesses as the trial Judge did in the present case, and then, having concluded that enquiry, to consider the probabilities of the case, as though the two aspects constitute separate fields of enquiry. In fact, as I have pointed out, it is only where a consideration of the probabilities fails to indicate where the truth probably lies, that recourse is had to an estimate of relative credibility apart from the probabilities.".*

[13] In ***Koster Ko-operatiewe Landboumaatskappy Bpk v Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens 1974 (4) SA 420 (W)*** waarna in voorgaande saak verwys word, vind ons die volgende passasie op ***425H***:

> *"Ek ag my gebonde aan die uitspraak in die Gany- saak. Afgesien daarvan dat die Appèlhof nog nooit sedertdien met hierdie benadering weggedoen het nie, wat nie sonder betekenis is nie, sou ek my graag respekvol met die onderliggende logika daarin wil vereenselwig, en 'n paar opmerkings oor die verband daartussen en welbepekende (sic) bewysmaatstawwe waag.*

*Eerstens kan hierdie benadering slegs binne die beperkte veld deur WESSELS, A.R., omlyn, aangewend word, nl. "where there are two stories mutually destructive". Hierdie is 'n frase wat 'n veel meer fundamentele botsing beskryf as dit wat daagliks in die howe teëgekom word wanneer getuies mekaar opstry. Dit slaan nie slegs op onderdele van weergawes nie. Dit slaan op die geval waar aanvaarding van die wese van een weergawe, die onvermydelike en algehele uitwissing van die ander weergawe meebring. Die getuienis in casu is 'n teksboekvoorbeeld van hierdie wedersydse vernietiging. Of daar was 'n afgebrande ou land ver wes van die sinjaal of daar was nie een nie.*

*Ook, meen ek, is dit implisiet in die stelling van WESSELS, A.R., dat daar nie inherente waarskynlikhede is, òf wat uit ander aanvaarbare brokke getuienis afgelei kan word wat die weergawe van die een of die ander kant meer waarskynlik maak nie. Ek sê dit omrede daar nêrens enige aanduiding in die geleerde Appèlregter se uitspraak is wat mens laat dink dat hy kon bedoel het dat wat hy sê enigsins 'n afwyking moet uitmaak van, of uitsondering is op, die geykte bewysmaatstaf wat almal ken as "'n oorwig van waarskynlikheid" nie. Wat hy sê, sê hy binne daardie raamwerk. Waar daar immers geen waarskynlikheid bestaan nie en die twee weergawes mekaar uitwis, word niks tog ooit bewys (wat ookal die bewysmaatstaf mag wees) tensy mens "absolute reliance" kan plaas op die getuienis van die litigant wat die bewyslas dra nie. Dit is net in ander taal gestel wat alreeds bevat word in die eerste sin van sy dictum, naamlik*

> *'... that the story of the litigant upon whom the onus rests is true and the other is false '"*

[14] In ***National Employers Mutual General Insurance Association v Gany 1931 AD 187*** handel die geleerde Regter van Appèl met hierdie beginsel soos volg op ***199***:

> *"Where there are two stories mutually destructive, before the onus is discharged, the Court must be upon adequate grounds that the story of the litigant upon whom the onus rests is true and the other false. It is not enough to say that the story told by Clark is not satisfactory in every respect. It must be clear to the Court of first instance that the version of the litigant upon whom the onus rests is the true version ....".*

[15] Ek is dus geroepe om in hierdie saak te oordeel of die Eiser, op wie die onus rus, se weergawe, geoordeel op 'n oorwig van waarskynlikhede, waar en derhalwe

aanvaarbaar is en die weergawe van die Verweerder op die waarskynlikhede vals of verkeerd is en gevolglik verwerp behoort te word.

[16] Soos aangedui in die saak van ***Jagers, supra,*** is ek voorts geroepe om, by die beoordeling van die vraag of die Eiser se weergawe waar of onwaar is, die Eiser se getuienis op te weeg en te toets aan die hand van die algemene waarskynlikhede en om nie, soos aangetoon in die saak van ***Gany, supra***, net aan te dui dat ek nie tevrede is dat die Verweerder se weergawes in elke opsig bevredigend is nie.

[17] In die evaluasie van die getuienis is dit nodig om ook na sekere gedeeltes van die bundel van dokumente te verwys wat aan my voorgelê is en wat, soos blyk uit die notule van die voorverhoorverrigtinge, deur die partye erken is vir wat dit voorgee om te wees sonder om die korrektheid daarvan te erken.

[18] In hierdie bundel is daar die volgende dokumente -

(a) die polisieverklarings wat elkeen van die vier getuies kort na die voorval afgelê het;

(b) 'n kwotasie vir die herstel van die skade aan die Eiser se motorfiets waarvolgens die skade sowat R19 022, 51 bedra het;

(c) 'n verklaring waaruit dit blyk dat die Eiser gewaarsku is dat klagtes van nie net *crimen injuria* nie, maar ook van roekelose of nalatige bestuur en

.../...

regsverydeliking teen hom ondersoek word, en waaruit dit ook blyk dat hy snye op sy regterhand en brandwonde op sy linkerbeen tydens die voorval opgedoen het.

[19] Wat betref die Eiser se polisieverklaring, is hy in kruisverhoor gekonfronteer oor 'n bewering daarin waar hy verklaar het dat hy op 'n stadium toe hy by 'n wal opgery het ten einde vanaf die grondpad af tot op die Molotopad te beweeg deur "*'n metropolisie voertuig met twee vroulike konstabels .. agterna gesit*" is wat toe met sy motorfiets gebots het. Hy het verduidelik dat wat hy daarmee bedoel het, is dat hy voor die voertuig was en dat die voertuig hom van, oënskynlik skuins, van agter gestamp het.

[20] Wat betref die polisieverklaring wat deur Pearson afgelê is, is hy gevra waarom hy nie in sy verklaring melding gemaak het nie van die tweede keer wat die Metropolisie voertuig op die Eiser af gepeil en gestamp het. Sy verduideliking was dat dit in daardie stadium 'n vreeslike traumatiese ervaring vir hulle was en dat, vir sover hy verklaar het dat die Eiser van agter af gestamp is, hy bedoel het dat hy skuins van agter af getref is.

[21] Wat betref die polisieverklaring wat deur Sebo op 6 Maart 2008 afgelê is, het sy getuig dat die verklaring nie aan haar terug gelees was nie en dat daarin bewerings in vervat is wat verkeerd is. Dit blyk uit hierdie verklaring dat daar geen verwysing is na drie motorfietse wat, soos sy getuig het, op die toneel was nie en voorts aangedui het dat na die motorfiets geval het, sy uit hul voertuig geklim het en gesien het dat die persoon voor die voertuig lê terwyl 'n klein gedeelte van die motorfiets onder hul

voertuig gelê het.

[22] Wat betref die polisieverklaring wat deur Lizzie op 24 Februarie 2008 afgelê is, het sy erken dat dit aan haar terug gelees was. Daarin het sy verklaar dat toe sy na die oproep van Sebo na die toneel gery het waar sy toe sy stilgehou het twee motorfietse gesien het wat besig was om hul motorfietse se wiele te tol. Sy het hulle gevra wat hul probleem was waarop die jonger een haar begin vloek het waarop hulle weg gery het om na 'n ruk weer terug te keer en weer hul motorfietse se wiele begin tol het. Wanneer sy met hierdie bewerings vir sover dit van haar getuienis verskil, gekonfronteer is, het sy bloot aangedui dat die persoon wat dit afgeneem het verkeerd afgeskryf het. Sy kon nie verduidelik hoekom sy nie vir hom gesê het dat dit verkeerd is toe dit aan haar terug gelees was nie.

[23] In argument is daar heelwat klem aan albei kante op die waarskynlikhede en onwaarskynlikhede in die onderskeie weergawes gelê.

[24] Ten behoewe van die Verweerder is daar betoog dat die Verweerders se weergawe heeltemal onwaarskynlik is deurdat -

(a) die getuienis van die Eiser verskil van die getuienis van Pearson in die sin dat hy, anders as Pearson, sou getuig het dat daar "*te alle tye*" twee polisiebeamptes was;

(b) aldus die getuienis van die Eiser, die Metropolisie voertuig nadat dit die Eiser

omgestamp het sowat 6 meter terug beweeg het voordat die Eiser 'n tweede keer gestamp is, terwyl Pearson getuig het dat die voertuig maar sowat twee of drie meter terug beweeg het;

(c) dit onwaarskynlik is dat twee polisiebeamptes reg voor die Polisiestasie en ten aanskoue van die Pearson doelbewus op die Eiser sou afpeil en hom sou omstamp en probeer om bo-oor hom te ry, sonder dat daar enige motief daarvoor was nie of dat hulle geprovokeer was nie.

[25] Ek stem nie saam nie dat die getuienis hierdie submissies regverdig.

[26] Wat betref die beweerde verskil tussen die twee getuies oor die vraag of daar te alle tye twee polisiebeamptes op die toneel was, is dit na my oordeel duidelik dat die Eiser getuig het oor wat kort voor tot en met die voorval plaasgevind het, terwyl Pearson getuig het toe hy met die Verweerder se weergawe onder kruisverhoor gekonfronteer is, dat toe hulle aanvanklik na die grondpad beweeg het daar, soos dit ook deur die Verweerder se getuies getuig is, slegs die een polisiebeampte was, maar toe hulle na hul rit terug gekeer het die Metro Polisievoertuig en 'n tweede polisiebeampte op die toneel was. Ek sien geen noemenswaardige verskil in hul getuienis wat op die geloofwaardigheid van enige van hulle kan reflekteer nie.

[27] Wat betref die distansie wat die voertuig terug beweeg het voordat die Eiser die tweede keer gestamp is en terug beweeg het om hom 'n derde keer te stamp, is na my oordeel nie 'n verskil wat op hul geloofwaardigheid reflekteer nie. Dit was 'n redelike

vinnige bewegende toneel waar mense se waarneming baie moontlik kan verskil. In 'n ongerapporteerde uitspraak gelewer deur Nicholas R (soos hy toe was) in ***S v Khoza*** 11 September 1987 in die Witwatersrand plaaslike Afdeling het Nicholas is die volgende gevleuelde woorde van die geleerde Regter vanpas in omstandighede soos die onderhawige:

> *"Different witnesses see the same incident from different vintage points and slightly different points of time. They may have different opportunities for observation. Again discrepancies may arise quite innocently because witnesses have different powers of observation. The impression may be coloured by different emotional states such as fear and their powers of recollection and their powers of description differ. The fact that there are discrepancies between the accounts of one witness and another does not in itself show that either of them is untruthful or unreliable or the case of the party calling them is built upon uncertain foundation.".*

[28] Wat betref die submissie dat dit onwaarskynlik is dat die twee polisiebeamptes die Eiser doelbewus sou omstamp reg voor 'n Polisiestasie ten aanskoue van 'n ooggetuie sonder dat hulle, op hul weergawe, enigsins geprovokeer was nie, is ek, enersyds, nie daarvan oortuig dat hulle, indien hul weergawe waar is, nie geprovokeer was nie en, andersyds, nie so iets ten aanskoue van 'n ooggetuie sou gedoen het nie.

[29] As die Eiser of Pearson, soos hulle getuig het, sy middelvinger vir hul gewys het en hulle op 'n onsindelike wyse gevloek het, kan dit, soos hul advokaat ook toegegee het, net nie wees nie dat hulle nie geprovokeer was nie. Die feit dat hulle die Eiser agterna gesit het, loënstraf so 'n ontkenning. Soveel te meer dat hulle dit gedoen het bloot omrede, aldus Sebo, hulle hom net wou vermaan het.

[30] Die submissie dat dit onwaarskynlik is dat hulle dit nie voor die Polisiestasie en ten aanskoue van 'n ooggetuie sou gedoen het nie, is na my oordeel blote spekulasie veral aangesien geen van hulle daaroor getuig het nie.

[31] Ek vind dit moeilik om te glo dat hierdie twee getuies enigsins 'n gevloekery kon gehoor het te midde van die enjin lawaai wat met 'n getol van wiele gepaard moes gegaan het.

[32] Op die waarskynlikhede, te oordeel aan die telefoniese rapport wat Sebo aan Lizzie gemaak het, kom dit voor dat hulle eintlik geïrriteer was deur die stof wat die motorfietse opgeskop het.

[33] Ek moet onmiddellik aantoon dat ek om verskeie redes nie met die getuienis van die twee polisiebeamptes beïndruk was nie.

[34] Behalwe dat hulle inderwaarheid 'n swak indruk op my gemaak het, is hul getuienis op die waarskynlikhede nie heeltemal versoenbaar met hul verduideliking oor hoe die Eiser en sy motorfiets onder hul voertuig beland het nie.

[35] Behalwe vir die feit dat hul getuienis in belangrike opsigte van hul polisieverklarings verskil, vind ek dit moeilik om te aanvaar dat in die omstandighede, soos hulle dit geskets het, die motorfiets tesame met die Eiser onder hul voertuig kon in gegly het tot so 'n mate dat hy halflyf onder die voertuig kon in gegly het.

[36] In hierdie verband verskil die twee in hul getuienis van mekaar.

[37] Aldus die getuienis van Sebo het die Eiser nadat sy motorfiets om geval het eenkant geval terwyl 'n klein gedeelte van sy motorfiets onder die stamper van hul voertuig beland het. As dit so is, verklaar haar getuienis hoegenaamd nie waarom die Eiser sou uitgeroep het dat hy vasgevang was ("*trapped*") en waarom Lizzie die voertuig agteruit moes ry om hom onder uit die voertuig te bevry.

[38] Dit verklaar ook nie die uitvoerige skade van R19 022 wat aan die motorfiets aangerig was en die beserings wat die Eiser opgedoen het nie.

[39] Te oordeel aan hul getuienis oor wat daar telefonies tussen hulle bespreek was, blyk dit, aldus Sebo, dat sy vir Lizzie bloot meegedeel het dat sy moet kom aangesien sy 'n probleem het. Aldus Lizzie blyk dat haar probleem was dat hulle stof oor haar opgeskop het.

[40] Soos ek ook aangetoon het, het hulle, benewens 'n klagte van *crimen injuria*, ook klagtes van roekelose of nalatige bestuur en regsverydeling teen die Eiser (en nie teen die ander getuie of enige moontlike derde motorfietsryer nie) gelê het. Ek vind dit moeilik om te begryp hoe 'n klagte van, nie net roekelose of nalatige bestuur nie, maar boweal een van regsverydeliking in die omstandighede nadat hulle reeds hul apparaat opgepak het, soos dit deur hulle geskets is, enigsins geregverdig kon gewees het. Sebo wou of kon haar nie uitlaat oor wat die aard van die klagtes was wat hulle gelê het nie en het bloot aangedui dat Lizzie daaroor sal kan getuig. Op haar beurt het Lizzie slegs

.../...

van die *crimen injuria*-klagte (wat klaarblyklik op die vloekery en die vingerwysery betrekking kan hê) melding gemaak. Wat eienaardig is dat geen sodanige klagte gelê is teen die persoon in die bakkie wat volgens hulle dieselfde vloekwoord teenoor hulle gebesig het, en daarbenewens ook gedreig het om hulle dood te maak.

[41] In hierdie omstandighede is ek tevrede dat hul weergawe nie waar is nie en inderwaarheid vals is.

[42] Trouens, na my oordeel getuig hul gedrag nie net van uitermate onverdraagsaamheid nie, maar ook van 'n beheptheid met die gesag waarmee hulle beklee is.

[43] Daarteenoor was ek beïndruk met die getuienis van die Verweerder en sy getuie.

[44] In die lig van voorgaande is ek tevrede dat, indien ek die onderskeie weergawes opweeg en toets aan die algemene waarskynlikhede, die weergawe van die Eiser en sy getuie die waarheid is en dat die weergawes van die twee Polisiebeampte onwaar en inderwaarheid vals is.

[45] In die vooropstelling is ek tevrede dat die Eiser op 'n oorwig van waarskynlikhede sy saak bewys het.

**Bevel**

[46] Om voorgaande redes maak ek 'n bevel in die volgende terme:-

1. **DAT** die Verweerder aanspreeklik is om 100 persent van die Eiser se bewese of ooreengekome skade te betaal.

2. **DAT** die Verweerder gelas word om die Eiser se getakseerde of ooreengekome koste van die geding tot in hierdie stadium te betaal.

..................................
**P C VAN DER BYL**
**WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOË HOF**

| | |
|---|---|
| **Namens die EiseR** | **MNR. K M RÖNTGEN (PROKUREUR)** |
| | **RÖNTGEN & RÖNTGEN ING**<br>**HB Forum, 5de Vloer**<br>**Stamvrugstraat 13**<br>**Val de Grace**<br>**PRETORIA**<br>**Verw: KM Röntgen(Snr)/ulanda/R6999**<br>**Tel: 012 481 3624** |
| **Namens die Verweerder** | **ADV C BADENHORST** |
| **In opdrag van** | **A P LEDWABA ING**<br>**Kerkstraat 867**<br>**PRETORIA**<br>**Verw: Mnr Phaleng/KM/RAF 22288**<br>**012 342 0900** |
| **Datums aangehoor** | **13 en 14 Mei 2013** |
| **Datum uitspraak gelewer** | **15 Mei 2013** |